Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: **100**

TYD: **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/ kernwoorde te gebruik), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe/prente en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 **... tot vandag toe maak dít my bang.** **[50]**

1.2 Die kosbaarste ontdekking van my lewe. **[50]**

1.3 *Moet skole selfoonvry wees?* **[50]**

1.4 "Al wat jy nodig het, is die plan, die padkaart en die moed om na jou bestemming te gaan."

- Earl Nightingale **[50]**

1.5 **Dít is die leefwêreld van die hedendaagse tiener ...** **[50]**

Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en jou eie titel neer.

1.6



[Bron: http://www.whitewolfpack.com] **[50]**

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.


1.7



[Bron: https://www.linkedin.com]

[50]

1.8



[Bron: https://www.vecteezy.com]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elk.
Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 FORMELE E-POS

Jy word deur 'n klasmaat op sosiale media geboelie.

Van	
Aan	
Datum	
Onderwerp	

Gebruik bostaande formaat en stuur 'n E-POS aan jou graadhoof waarin jy vir hom/haar van die insident vertel. **[25]**

2.2 FORMELE KLAGTEBRIEF

Jy het onlangs kledingstukke gekoop, maar is baie teleurgesteld in die kwaliteit van die klere. Jy het daaroor gaan kla, maar die maatskappy wil die klagte op skrif hê asook voorstelle hoe om die probleem op te los.

Skryf 'n KLAGTEBRIEF aan die maatskappy. **[25]**

2.3 TYDSKRIFARTIKEL

Skryf 'n TYDSKRIFARTIKEL met die onderstaande opskrif.

Dobbel: die nuwe verslawing onder skoliere. **[25]**

2.4 RESENSIE

Die skrywer van een van jou voorgeskrewe boeke vra jou om 'n resensie oor die boek te skryf om sodoende ouers in te lig oor die boeke wat graad 12-leerders lees.

Skryf die RESENSIE. **[25]**

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

2.5 **DIALOOG**

Lees die strokie hieronder.



[Bron: https://www.scribd.com]

[25]

Skryf die DIALOOG tussen Jeremy en sy pa wat op hierdie woorde volg.

2.6 **INFORMELE TOESPRAAK**

Jy word gevra om tydens 'n saalbyeenkoms met die leerders te praat en hulle te motiveer om meer by skoolaktiwiteite betrokke te raak. Jou INFORMELE TOESPRAAK het die volgende opskrif:

As iets vir jou belangrik is, sal jy 'n manier vind. Indien nie, sal jy 'n verskoning vind.

Skryf die TOESPRAAK. **[25]**

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.